

Inhoud Hierdie preek wys die verskil tussen kinders van die Here en kinders wat as godsdienstige slawe gebore word en groot word. Kinders is deel van God se verbondsseëninge omdat hulle aan Jesus Christus behoort. Hulle kan nie aan God se verbond behoort sonder om aan Christus te behoort nie. God koop hulle los van die vloek van die wet waar hulle kultusse moet aandryf met hul liefdes en aanbidding. Die Here bou en dryf sy kerk deur die evangelieprediking sodat sy kinders Hom en mekaar kan dien en liefhê, sonder die las dat hulle die kerk moet bou en aandryf. God is kinders het godsdienstige vryheid van kultiese mag.

Skriflesing Gal. 1: 6,7; 3: 26,27,29; 4: 3 – 7, 21 – 31.

Teks Gal. 4: 31: Daarom broers, is ons nie kinders van die slavin nie, maar van die vrou wat vry is.“

Tema Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

1. Ons is in Kersfeestyd wat die geboorte van die Here as baba herdenk en het vanoggend die voorreg om vir Lara en Aleah Smit as babas te doop. Hulle doop in water wys dat die Here deur sy geboorte gemaak het dat hulle as sy vrye kinders en nie as slawekinders, arbeiderkinders, gebore is nie.

Wat noem 'n mens 'n skip waarop al die mense op die skip moet werk om die skip aan te dryf en vorentoe te vat? Dit is 'n slaweskip! Dit is wat 'n slaweskip is! Voor daar iets soos stoommasjiene was, was dit hoe skepe aangedryf is om op die see te vaar. Mense is as slawe gevang en verkoop om roeiers op skepe te wees. Hulle word met kettings aan die banke van skip vasgeketting en dan moet hulle almal saam roei om die boot aan te dryf en vorentoe te dryf, want die skip het nie 'n enjin nie.

Wat noem 'n mens 'n skip waar niemand behalwe die bemanning werk nie, maar net op die skip is om saam met mekaar te vaart te geniet en met die kaptein saam gesellig te wees? Dit is 'n passasiersboot!

Hierdie voorbeeld wys ons wat Paulus aankondig dat die Here Jesus ons en ons kinders God se vrye kinders en nie sy slawe-arbeid maak nie. Ons is kinders van die vry vrou, nie van die slavin nie. Ons is kinders op die Here se passasiersboot en nie sy slawe op 'n slaweskip nie.

2. Paulus is in hierdie brief baie bekommerd oor die gemeentes, Antiogië, Ikonium, Listra en Derbe wat met sy eerste sendingreis tot stand gekom het in die binneland van Turkye. Dit is die gebied wat toe Galisië genoem was.

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

Daar was predikers wat na Paulus se evangelieverkondiging probeer het om die gemeentes te verander, te transformeer van die Here se gemeentes na hulle eie kultusse toe. Daarom wys Paulus dat hulle besig is om na 'n sogenaamde ander evangelie toe te draai wat glad nie die evangelie is nie. (1: 6 – 9) Hulle het iets heeltemal anders as die evangelie gepreek, maar gemaak asof dit die evangelie is.

Met hierdie bedrieglike evangelie wou hulle ook 'n ander teken as die doop inbring. Hulle wou die teken van die besnydenis van seuntjies inbring. (6:13)

Paulus maak hierdie verklaring oor hierdie bedrieglike evangelie en nuwe teken in die plek van die doop: wanneer mense na hierdie evangelie en teken toe draai, sal God hulle vervloek. Hierdie vervloeking beteken nie dat die Here hulle skielik siek sal maak of met 'n weerligstraal sal slaan nie. Dit beteken dat die Here hulle slawe sal laat bly en nie sy kinders sal laat wees nie.

Volgens ons voorbeeld – hulle sal nie in die Here se kerk met die Here saamleef soos in 'n passasiersboot nie. Hulle sal roeiers van mense se slaweskepe wees. Dit is hoe hulle vervloek sal wees.

3. Net die Here bou!

Wie bou passasiersbote? Die eienaar of die passasiers? Wie bou 'n boot só dat hy 'n enjin het wat die boot aandryf? Die eienaar of die passasiers?

Paulus wys in hoofstuk 3: 16 dat net Christus alleen sy kerk bou met die aankondiging: “En die belofte is aan Abraham en sy Nakomeling toegesê. Daar staan nie “en aan die nakomelinge” soos wat 'n mens na baie sou verwys nie, maar soos wat 'n mens na een verwys: “en aan jou Nakomeling” – dit is Christus.”

Al die beloftes waardeur God sy kerk bou, die beloftes aan Abraham, het God nie aan baie mense gegee nie, maar net aan Jesus Christus. Hierdie beloftes hoor ons in gedeeltes soos Esegieël 36: 24 - 36 : Die Here onderneem om ons weg uit goddeloosheid en afgodsdienste, ons van ons sondes te reinig, ons met water te doop om te wys ons is rein, ons hart wat nie wil glo en net sonde wil doen, weg te vat en ons 'n hart te gee wat Hom lief het en ons sy Gees te gee om ons te laat leef in sy liefde, goedheid, genade en barmhartigheid. Dit is die beloftes aan Abraham!

God het hierdie beloftes nou net aan Jesus gegee Nie aan ouers nie, nie aan kinders nie, nie aan dominees nie en nie die al die gemeentelede nie! Net aan Een en hierdie Een is net Christus!

4. Wat doen Christus met hierdie beloftes?

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

Met sy kruisiging en opstanding uit die dood maak die Here die beloftes 'n werklikheid in sy kinders se lewe. Dit is hoe die Here sy kerk, sy passasiersboot bou. Hy maak hierdie beloftes waar deur ons in te sluit in wat Hy vir ons gedoen het met sy kruis. Daarom verklaar Paulus: “En as julle aan Christus behoort, dan is julle nakomelinge van Abraham en ooreenkomstig die belofte erfgename.” (Gal. 3: 29) Dit is hoe die Here sy kerk bou: Hy laat ons aan Hom behoort en dan erf ons al die beloftes van die Here omdat ons aan Christus behoort.

Net Hy maak ons deel van sy beloftes. Nie ons ouers! Ons ouers kan ons nie in God se verbond insit met beloftes wat hulle maak in ons plek nie. Daarom gaan Soné ook nie net nou vir Lara en Aleah met haar beloftes hulle in God se verbond insit nie. Nie ons geboorte nie! Lara en Aleah kan nie in God se verbond in gebore word nie. Nie Lara en Aleah se eie bekerings en goeie werke nie. Bekerings en goeie werke kan jou nie deel van God se verbond maak nie. Die kerk kan jou ook nie in die Here se beloftes inseën nie. Ons gaan nie as gemeente net nou gou-gou vir Aleah en Lara seën om deel van God se beloftes te word nie.

Net Een Nakomeling! Net Christus het die seëninge ontvang en net Hy laat jou daarin deel net omdat jy aan Hom behoort! (Gal. 3:14) Net Christus laat Lara en Aleah aan Hom laat behoort. Niemand anders nie! Net Christus kan die beloftes waarmaak. Niemand anders nie! Só bou hy alleen sy kerk!

5. Net die Here dryf sy kerk aan en laat dit vaar op die see!

Kan 'n passasiersboot só werk! Jy kom as 'n passasier op die boot aan maar dan moet jy die boot as een van die bemanningslede, een van die slawe, help dryf, nadat jy net as 'n passasier op die boot gekom het?

Kyk bietjie hoe het die valse predikante met hulle bedrieglike evangelie die gemeentes deurmekaar gepreek! Paulus vra en stel: “Is julle so dwaas? Julle het met die krag van die Gees begin; gaan julle nou met menslike krag eindig? Het julle vergeefs soveel beleef? Indien wel, dan was dit tevergeefs! Gee Hy dan die Gees en verrig kragtige dade onder julle op grond van die nakoming van die wet of op grond van julle geloof in wat julle gehoor het?” (Gal. 3: 3 – 5)

Hulle begin deur op 'n passasiersboot te klim maar eindig dan as slawe op 'n slaweskip!

Die Here gee die Heilige Gees en verrig kragtige dade onder ons! Dit beteken die Here gee sy Gees wat ons wegvat uit die goddeloosheid en afgodsdien van hierdie wêreld; die Here maak ons rein en gee ons 'n teken dat Hy ons rein gemaak het; die Here vat ons hart vol afgodsdien en goddeloosheid weg en gee ons 'n hart wat in God se liefde glo en Hom volgens sy wet liefhet en Hy maak ons deel van sy genade, liefde, goedheid en barmhartigheid.

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

Waardeur doen die Here dit alles? Kyk wat sê die vers? Deur dit wat julle gehoor het! Wat het hulle gehoor? Hulle het die evangelie van Jesus Christus gehoor soos Paulus dit aan hulle gepreek het. Die enjin van die passasiersboot van die Here, is die evangelie van Jesus Christus en die prediking van die evangelie van Jesus Christus!

Dit is die enjin waarmee die Here sy kerk aandryf en laat vaar in die wêreld!

6. Hoe wou die bedrieglike predikers hulle godsdiensgroepies (ons noem dit kultusse) wat hulle bymekaar kry met 'n ander evangelie aandryf en vorentoe vat?

Paulus noem dit "julle eindig nou op met menslike krag." Hierdie menslike krag was hulle gehoorsaamheid aan God se wet! Hulle wou met hulle gehoorsaamheid aan God se wet maak dat God hulle sy Gees gee en kragtige dade onder hulle doen!

Hulle wou deur hulle liefde vir God en mekaar, hulle toewyding aan God, hulle bekerings en oorgawes aan God, hulle geestelike krag en mag, hulle gebede en ervarings met God, wou hulle hulle godsdienstige groepie as God se koninkryk en God se saak aandryf en vorentoe vat.

Wanneer jy op 'n boot klim waar jy uitgenooi was asof dit 'n passasiersboot is en na jy opgeklim het en die hekke toegemaak is, vertel die mense op die boot dat die boot nie 'n en in het nie maar dat jy moet liefde, oorgawe, toewyding, gebede en geestelike krag en mag die boot moet aandryf en vorentoe vat, op wat se boot is jy: 'n passasiersboot of 'n slaweskip?

Skawe moet skepe sonder enjins roei! Dit is 'n slawe-skip! Net slawe skepe word met die krag van mense aangedryf en vorentoe gevat!

7. Paulus wys dat daar net twee soorte godsdienstige groepe in die hele wêreld is, maak nie saak watter name mense vir hulle geestelike groepies uitdink nie! Jy is of 'n kind van God of 'n slaaf!

Hy wys dan dat Sara se vrou en sy slavin Hager 'n voorbeeld is van die verskil tussen twee soorte verbonde: die Abrahamsverbond of belofte en die Sinai-verbond. Sara se eie kind Isak was die kind wat God beloof het deel van sy verbond met Abraham sal. Sara se kind was 'n kind wat vry was om alles te wees en te doen wat 'n pa en ma se kind is en was ook erfgenaam.

Die kind wat Abraham by Hager gehad het was buite God se belofte gebore. Abraham het hierdie kind, Ismael, verwek omdat hy God nie vir sy verbond geglo het nie. Ia wees. Hierdie kind is as 'n slawekind gebore wat nie Abraham se seun kon wees nie, maar net sy slaaf kon wees. En toe jaag Sara hierdie bediende met haar

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

kind weg, sodat hierdie slawekind nie die plek kan vat van hulle eie kind wat volgens god se belofte gebore is nie.

Slawekinders moet slawe wees, maar verbondskinders is regte kinders!

Slawekinders word slawe en moet slawewerk doen, maar verbondskinders leef in die liefde van hul ouers en erf alles!

8. Wie is God se verbondskinders en wie is slawe?

Paulus wys in die brief Galasiërs dat die Jode is slawekinders met die woorde: "Hager verteenwoordig die huidige Jerusalem omdat sy en haar kinders slawe is." Daarmee stel Paulus dat al die Jode wat God in die tempel aanbid en hulle self vir God reg maak en reg kry met die wet wat hulle by Sinai gekry het, is godsdienstige slawe. Hulle preek die ander evangelie wat nie die evangelie van Jesus Christus is nie. Dit was 'n geweldige aantyging teen die Jode wat hulle het die Ismaeliete as Hager se kinders gesien, maar hulle self as Abraham se vry kinders gesien en nie-Jode as slawe.

Hoekom is Jode, en saam met hulle alle geestelikes binne die kerk en buite die kerk, slawekinders? Want hulle staan onder God se wet! Hulle moet God só lief hê dat God hulle aanvaar as reg en goed. Hulle moet God só aanbid dat God hulle hulle moet aanneem as sy kinders. Hulle moet hulle self só oorgee en toewy aan God, dat God hulle moet seën. Hulle so tot bekering kom, dat god hulle deur hulle bekering vergewe!

Hulle is slawe want Paulus wys dat niemand só God se kind kan word, God se liefde kan kry of God se seën of vergifnis kan kry nie. God hou mense wat só aanbid onder sy vloek. Daarom is mense wat hierdie bedrieglike prediking aanvaar, nog steeds onder God se vloek. Want God aanvaar hulle nie, seën hulle nie en vergee hulle nie deur wat hulle doen nie.

9. God se verbondskinders is hulle vir wie Christus onder die wet gebore is, om hulle van die wet los te koop.

Dit is hoe Paulus die Kerstyding in Galasiërs 4: 4 - 5 aankondig: "maar te die tyd vervul is, het God sy Seun uitgestuur, gebore uit 'n vrou, gebore onder die wet, sodat Hy diegene onder die wet kon loskoop, en sodat ons as kinders aangeneem kon word. En omdat julle sy kinders is, het God die Gees van sy Seun uitgestuur tot in ons harte, die Gees wat roep: "Abba, Vader."

Christus is onder die wet gebore beteken Hy is gebore as mens wat volgens die wet reg en heilig moes leef vir God se liefde. Dit het hy gedoen, maar toe is Hy gekruisig as sondaar onder die vloek van die wet. Paulus stel sit só: "Christus het ons vrygekoop van die vervloeking van die wet toe Hy vir ons vervloek is, want daar

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

staan geskrywe: “vervloek is elkeen wat aan ’n hout hang. Christus word die vervloekte sondaar sodat ons die geseënde kinders van God kan wees.

Wie aan Christus behoort en ingesluit is by sy vervloeking vir sonde, is God se geseënde kinders. (3: 29)

Staan Lara en Aleah onder die vervloeking van hul sondigheid en sondes wat hulle gaan doen, of is hulle geseënde kinders van God vir wie Jesus hulle vervloeking gedra het?

Is hulle vrye verbondskinders van God of is hulle slawekinders wat onder die vloek leef dat hulle altyd slawe-werk sal doen?

10. Die doop met water is ’n teken dat Christus hulle in hom ingedoop het volgens Gal. 3: 27: “want julle wat in Christus gedoop is, het Christus soos ’n kleed aangetrek.”

Dit is hoe God binne die Abrahamsbelofte nog van altyd af met kinders gewerk het. Hy sluit hulle in sy verbond in! Wanneer Jesus dan hierdie verbond waarmaak, dan sluit Jesus ook die kinders in. Hy laat gelowige ouers se kinders aan Hom behoort.

Die water is daarom vir Lara en Aleah die teken: “Ons behoort aan Jesus Christus.” En omdat hulle aan Jesus Christus behoort, deel hulle in die seëning om God se verbondskinders te wees en nie slawe te wees nie. Hulle is God se kinders nie omdat Soné hulle insluit in haar beloftes nie, nie omdat hulle tot bekering kom nie en nog minder omdat ons hulle vanoggend inseën in God se seëninge nie, maar omdat Jesus Christus hulle aan Hom laat behoort.

Die doop is ’n teken dat hulle in die Here se kerk is, op sy passasiersboot waar Hy die kaptein is. Die doop is die teken dat hulle nooit slawe op mense se slaweskepe kan wees nie. want Jesus was die slaaf van hulle sonder onder die wet, in hulle plek om hulle los te koop van die vervloeking om ’n slaaf te wees .

Dit is wat loskoop van vervloeking beteken! Hulle moes eintlik onder die vloek grootword om op slaweskepe slawe te wees, maar Christus het onder die wet gaan staan om hulle vloek te dra en hulle deel van sy liefde te maak.

11. Ons gaan net nou vir Soné vra of sy hulle twee self die evangelie van Jesus Christus sal leer en hulle na die kerk toe sal bring sodat hulle die evangelie in die kerk kan hoor!

Hoekom is dit só belangrik?

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

Want daar is vandag miljoene geestelike besigheidsmanne wat hulle eie slaweskepe gebou het en slawe vir hulle slaweskepe soek! Hulle wil graag vir Lara en Aleah as slawe vang om hulle slaweskepe te roei!

Hoe gaan hulle vir Lara en Aleah probeer vang om slawe te wees van hulle slaweskepe? Hulle gaan hulle probeer vang soos Paulus aan die begin van sy brief wys bedrieglike predikante die Galasiërs as slawe probeer vang het: “Ek is verstom dat julle so gou van hom wat julle deur die genade van Christus geroep het, wegdraai na ’n ander evangelie. Daar is nie ’n ander evangelie nie, al is daar sommige mense wat julle probeer verwar en die evangelie van Christus wil verdraai.”

Hoe klink hierdie verdraaide evangelie waarmee kinders gevang word om slawe van geestelike besigheidsmanne se slaweskepe te maak?

Dit klink só: “Jy is nog nie regtig ’n kind van God nie omdat jy nog nie tot bekering gekom het nie”, “Jy is nog net in God se verbond, maar jy behoort nog nie aan Jesus nie want jy het nog nie vir Jesus persoonlik aangeneem nie”; “Jou ma het jou in God se verbond gesit, maar jy het nog nie vir Jesus in jou hart en lewe nie”; “Jy kan nog nie seker wees jy is ’n kind van God omdat jy nog nie jouself aan Jesus oorgegee het nie; “Jy behoort nie aan Jesus voor jy nie eendag self besluit het as jy groot is of jy aan Jesus wil behoort nie”;

Dit is alles mos sommer net die evangelie wat verdraai word want die evangelie klink só: Lara en Aleah behoort nou regtig aan die Here Jesus omdat Hy hulle by alles insluit en laat deel wat Hy gedoen het. Daarom is hulle nou God se regte eie kinders en deel hulle in al sy seëninge, net deur Jesus. Nie deur hul ma, hul eie geestelikheid en bekerings of deur ons wat hulle inseën of uitseën nie.

12. Hoe gaan Lara en Aleah se lewe lyk as hulle gevang word met ’n verdraaide evangelie?

Hulle gaan met kettings van skuld en oordeel vasgevang word en vasgeketting word aan geestelike groepies mense wat nie God se kerk is nie. Hulle sal altyd voel en dink dat hulle nog nie regtig hulle lewe vir God voluit gegee het, nog nie alles oor gegee het nie, nog nie God lief het soos hulle moet nie en nog nie van al hulle sondes bekeer het soos hulle moet nie. Met hierdie skuld en selfveroordeling sal hulle vasgebind op die banke van mense se slawe-kerke sit.

Elke slaaf wat op ’n slaweskip vasgeketting word, kry dadelik ’n brandmerk wat wsy hy is ’n slaaf. Dit is hoe die bedrieglike predikers die besnydenis gebruik in in Galasië. Al was die Christene gedoop gewees was dit nie genoeg nie. Hulle besnydenis was ’n brandmerk dat hulle nou God se wet gaan onderhou. Net so word Christene vandag vertel wanneer hulle aan slawe-banke in kerke vasgeketting word

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

met skuld en veroordeling dat hulle 'n nuwe brandmerk moet kry dat hulle bekeer het om voluit vir God te roei!

En dan moet hulle roei! Altyd sonder ophou! Hulle moet hierdie slawe-kerke se krag en aandrywing wees. Hulle gaan geleer word as hulle nie lief het nie, is die Here se kerk dood, as hulle nie bid nie gaan die Here se kerk staan, as hulle die Here nie loof, prys en dank nie gaan sy Naam nie groot en magtig wees nie, as hulle nie tot bekering kom nie, gaan god se koninkryk doodloop en stilstaan, as hulle nie God se liefde uitstraal na ander mense nie, sal God nie sy kerk kan bou nie en as hulle nie vrywillige gemeenskapsdiens in ander gemeenskappe gaan doen nie, gaan God nie daar teenwoordig kan wees nie.

Hulle moet met liefde en aanbidding God se boot roei, anders staan hy dood stil, want God se kerk het nie sy eie enjin wat God ingesit het nie.

Daar gaan nog 'n baie ander snaakse ding gebeur! Paulus stel dit só in sy brief: "Maar nou dat die wet gekom het, staan ons nie meer onder die toesig van 'n oppasser nie." (Gal. 3:2) Wat is daar op slaweskepe wat daar nooit op passasiersbote is nie? Oppassers met dromme en swepe! Oppassers met dromme is gewoonlik hulle wat preek: bid harder, bid meer, meer ernstiger, wees regtig jammer, bedoel as jy jammer is, laat jou liefde meer word, wees meer toegewyd. Só slaan hulle die drom hoe jy hulle kerkie moet aandryf en roei. Ander stap sommer rond met geestelike swepe en slaan elkeen wat hulle dink nie goed genoeg roei nie: jy bid nie reg nie, jy het nie reg lief nie en jy is nie toegewyd genoeg nie. So slaan hulle jou met swepe om beter te roei.

Dit kan met Lara en Aleah gebeur as hul ma en ons as kerk hulle nie die evangelie laat hoor nie!

13. Wat hoor hulle as hulle die evangelie van Jesus Christus hoor?

Hulle hoor die kerk se enjin! Jesus Christus laat hulle aan hom behoort deur in hulle plek op Kersfees die baba te word wat vervloek gaan word sodat hulle as babas en kleintjies geseën word deur God. Hulle hoor dat Jesus self sy kerk bou, aandryf en dat hulle net in die seëninge van die Here kan leef, saam met die Here wat die Hoof van sy kerk is.

Hulle hoor, hulle is op die Here se passasiersboot waar hulle hul lewe saam met die Here kan leef!

Wat doen 'n mens met jou lewe en jou aanbidding van God moet gebruik om mense se geestelike groepies te moet aandryf nie?

Christus maak ons en ons kinders sý kinders, nie sy slawe-arbeid nie

Paulus kondig sit só aan: “Julle is tot vryheid geroep. ... dien mekaar deur liefde.”
Ons gebruik ons bootvaart met die Here in sy kerk om mekaar in liefde te dien, nie om God se kerk aan te dryf nie.” Ons kan vir mekaar en God leef en dien.

So is ons aanbidding om soos op 'n boot saam met die kaptein bymekaar te kom en deur Hom getrakteer te word met sy goedheid. Dit is hoe ons vandag ons erediens begin het: “Laat ons die goeie dinge van in u huis in oorvloed geniet!” Ons vergader met die Here van sy kerk, sy passasiersboot. Hy is nie 'n skeepseienaar wat in 'n kantoor geld tel terwyl Hy vir ons net dromslaners en sweeplanners gee om ons te laat roei nie. Daarom kan ons in sy liefde mekaar ook as mede-passasiers dien en liefhê, saam leef in ons bootvaart saam met die Here terwyl die Here self die kerk aandryf met die evangelie wat gepreek word.

Daarom moet Soné vir Lara en Aleah só groot maak: Julle behoort aan Jesus Christus en word deur God geseën. Julle doop wys dit! Julle doop moet julle leer om te hoor dat die Here se kerk sy eie enjin het en nie op 'n skip klim waar julle nie die evangelie nie kan hoor nie. Julle doop wys julle leef vry in God se genade saam met hom. Julle mag nie gebrandmerk word soos slawe met 'n bekeringswassing wat wys met julle aanbidding dryf julle nou god se kerk nie. Met só 'n brandmerk op só 'n skip gaan julle op slawe kerkbanke met skuld en oordeel vasgeketting word, met predikers wat drom en sweep slaan gedryf word om daardie groepie mense se geestelikheid aan te dryf en vorentoe te vat, sonder die Here Jesus Christus.

Julle gaan julle hele lewe op niks mors nie, sonder die Here!

Lara en Aleah behoort aan Christus. Ons doop hulle met water as 'n teken dat hulle kan weet – ons is God se verbondskinders in sy kerk. Ons is nie mense se godsdienstige slawe omdat ons onder die vloek van God se wet staan nie!

Christus is vir hulle gebore om in hul plek vervloek te word sodat hulle in die seëninge van God kan grootword. Kom ons doop vir Lara en Aleah!